**Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.**

Graad 6 Afrikaans Huistaal September 2025

**Vraestel 1** **Afdeling A** **Hardoplees**

**Verslag oor 'n onderhoud:** Die Welgemoed Kunstefees

1 Marieta Nel het tydens 'n onderhoud wat Naomi Meyer, senior inhoudsbestuurder van LitNet, in 2024 met haar gevoer het, saam met Naomi gestem dat die Welgemoed Kunstefees direk ná Covid afgeskop het. 'n Tyd waartydens die konsertsale toegeklap het en feeste en samekomste verbied is. 'n Tyd waartydens die Afrikaanse kunstenaars swaargekry het. Volgens haar was dit 'n interessante sameloop van gebeure wat tot die ontstaan van hierdie kunstefees aanleiding gegee het.

2 Volgens Marieta het Van Heerden en Hannelie van Niekerk, die leraarspaar van die NG Kerk, Welgemoed, gewonder of die gemeente van Welgemoed nie 'n inisiatief kon loods om ons Afrikaanse kunstenaars te ondersteun nie.

3 Die leraarspaar en die gemeente was daarvan oortuig dat daar plaaslik 'n behoefte bestaan om na mekaar oor verskeie grense uit te reik. Deur 'n kunstefees te reël, kon hulle die Afrikaanse kunstenaars weer die geleentheid gee om in die openbaar op te tree en mense van verskillende kulture bymekaar bring en sodoende kan gesonde verhoudings opgebou word. Hierdie benadering deur die leraarspaar en die gemeente van Welgemoed het aanleiding gegee tot die ontstaan van die eerste Welgemoed Kunstefees.

4 Marieta Nel wys Naomi Meyer daarop dat die organiseerders van die fees daarin glo dat daar 'n uitstekende balans tussen die verskillende kunsvorme moet wees. Daar moet iets vir al die feesgangers wees. Gevolglik is daar verskeie musiekopvoerings, ernstige toneelstukke, komiese toneelstukke, die uitstalling van boeke en kunswerke, boekvoorlesings en praatjies deur onderskeie sprekers. Die feesgangers kan ook natuurlik sosiaal verkeer en kuier. Dis juis hier waar ons besef dat die Afrikaanse taal ons oor die grense van verskeie kulture met mekaar verbind. Maak nie saak of dit tydens opvoerings, boekvoorlesings, praatjies of kuiers rondom tafeltjies waar geëet en gedrink word is nie. Die Afrikaanse taal bind ons almal saam. Die taal wat alle

Afrikaanssprekendes liefhet en koester. Ons mag dit miskien verskillend praat en van verskeie kulture afkomstig wees, maar ons is almal ewe trots op ons taal en put genot daaruit om met mekaar in ons moedertaal te kan praat. Die taal waarin ons ons die beste kan uitdruk.

**Hardoplees:** Die Welgemoed Kunstefees

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Volume, hoorbaarheid en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**Vraestel 1** **Afdeling B** **Luister en praat**

**Legende:** Die wrede man in die lyf van 'n monster

1 Klaus, sy pa en sy ma woon in Ruiterfontein. Dis 'n klein dorpie wat nie baie ver van die woud is nie. 'n Kerk, 'n winkel, 'n kafee, 'n polisiestasie en 'n paar huise. Dít was die dorp. Die ouers waarsku hul kinders gereeld om nie in die woud te gaan speel nie, aangesien daar 'n wrede man gebly het wat kinders seermaak.

2 Klaus en sy vriend, Regardt, het gereken dat hul ouers oorbeskermend was en het gevolglik besluit om woud toe te gaan om te kyk of hierdie wrede man werklik so gevaarlik is. Min wetend wat op hulle wag.

3 Hulle was skrikkerig, maar tóg nuuskierig. Nie lank nie, of hulle gewaar 'n hut. Hulle het besluit om te gaan kyk of iemand in die hut bly. Op pad daarheen, het 'n man hul onverwags aan hul krae gegryp.

4 "O so, wie het julle die reg gegee om in my woud te loop? Hierdie is mý koninkryk! Enigeen wat hierdie grond betree, moet maar die gevolge dra!" bulder hy hard.

5 Klaus en sy vriend wou nog losruk, maar die man was te sterk vir hulle. Hy het hulle hardhandig na sy hut gesleep en in 'n donker kamer toegesluit.

6 Laat daardie aand het hy hulle kom haal en na die vuur wat hy gemaak het, gesleep. Hardhandig, soos 'n mens 'n tak sou sleep. Op die vuur was 'n groot swart pot met kokende water. Hy haal die deksel af en druk die twee seuns se hande in die kokende water. Klaus en Regardt skree van die pyn, maar tevergeefs. "Dit sal julle leer om nie my grond te betree nie. Moenie dink ek is klaar met julle nie," sê hy skor.

7 Na 'n ruk los hy hul arms, haal 'n stuk tou uit sy sak en bind hul hande vas. Daarna neem hy hulle in die rigting van 'n groot boom nie ver van die vuur af nie. Nadat hy hulle teen die boom vasgebind het, haal hy 'n vlymskerp mes uit sy sak en swaai dit vermakerig onder hul neuse en dreig hulle met die dood.

8 “Watter monster van ’n man is hy nie?” dink Klaus by homself. “Eers martel hy ons en dan wil hy ons doodmaak!”

9 Dan hoor hulle hoe hul pa’s na hulle roep. Toe die wrede man die manstemme hoor, het hy die mes net daar en dan laat val en die hasepad gekies.

10 Die mans het die mes wat die wrede man net daar gelos het, geneem en hul seuns losgemaak. Die seuns het hul pa’s omhels. Die trane het vrylik oor hul wange gevloei. Trane van dankbaarheid en verligting. Trane wat alle vrees weggewas het.

11 Klaus en Regardt het besluit om dit nooit weer naby die woud te waag nie. Hulle het besef dat hul ouers nie oorbeskermend is nie, maar hulle net wil beskerm. Hulle het hul voorgeneem om voortaan gehoorsaam te wees aan hul ouers.

**Legende:** Die wrede man in die lyf van ’n monster

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Wat is die kerngedagte in paragraaf 1?** | /1 |
| **2** | **Luister na paragraaf 1. Waarom sou jy sê dat die man teen wie die ouers hul kinders gewaarsku het, oor onaanvaarbare karaktereienskappe beskik?** | /1 |
| **3** | **Verskaf die rede waarom hierdie twee vriende na die hut wou gaan.** | /1 |
| **4** | **By watter karakter word dialoog aangetref?** | /1 |
| **5** | **Waarom sou jy sê dat dít waarvoor die ouers gevrees het in paragraaf 6 waar geword het?** | /1 |
| **6** | **Luister na paragraaf 6. Waarom sou jy sê dat die chronologie van die verhaal hier verbreek word?** | /1 |
| **7** | **Luister na paragrawe 6 & 7. Bespreek die ruimte.** | /2 |
| **8** | **Luister na paragrawe 6 & 7. Watter gevolge het hulle ongehoorsaamheid aan hul ouers vir die twee seuns ingehou?** | /3 |
| **9** | **Watter emosie het die twee seuns in paragraaf 7 ervaar?** | /1 |
| **10** | **Watter karakter in hierdie luisterteks kan as ’n *boelie* beskou word? Verskaf die rede vir jou antwoord.** | /2 |
| **11** | **Waarom sou jy sê dat hierdie wrede man ’n lafaard is?** | /1 |
| **12** | **Luister na paragraaf 11. Tot watter gevolgtrekking het hierdie twee seuns gekom?** | /2 |
| **13** | **Hoe hou die inhoud van hierdie legende verband met die opskrif?** | /1 |
| **14** | **Watter morele les kan ons uit die bostaande luisterteks leer?** | /1 |
| **15** | **Reken jy die inhoud van hierdie luisterteks is geloofwaardig? Indien wel, waarom sou jy so sê?** | /1 |
| | **Totaal: 20** | **/20** |

**’n Legende:** Die wrede man in die lyf van ’n monster

Rubriek

Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf: 1 2 3 4 5

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend praat en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Karaktereienskappe, dialoog en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid, oogkontak en gesigsuitdrukkinge: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 25** **/25**

**GROOT TOTAAL: 45÷3=15** **/15**

**<u>Vraestel 2</u>** **<u>Afdeling A</u>** **<u>Leesbegrip</u>**

**1 Resensie:** <u>Die kykNET-dramareeks, Die nuusmakers</u>

1 Hierdie spannende en boeiende kykNET-dramareeks wat die politieke en sosiale waarhede van ons land aanspreek, hou die kyker vasgenael voor die televisie. Dit is getrou aan die werklikheid. Dis ook ’n TV-reeks waar daar ’n goeie balans tussen komiese oomblikke en drama is. Die delf na die waarheid, vrae, navorsing, speurwerk, doodloopstrate en nuwe leidrade gaan gepaard met persoonlike dramas.

2 Hierdie TV-reeks handel oor ’n groep joernaliste, hul loopbane, hul ambisies, hul rol wat hul in die joernalistieke bedryf speel, hul karaktereienskappe en hul private lewens. Elkeen is uniek en het sy of haar rol oortuigend vertolk. Johan Diedrichs, wat die rol van Brendon speel, was die regisseur van die nuusbulletin. Sy span moes elke aand vir nuuswaardige en korrekte nuus sorg. Rolanda Marais, wat die rol van Adri Joubert speel, is ’n joernalis in murg en been. ’n Joernalis wat altyd op soek is na die waarheid. Vir die afgelope 20 jaar al lees sy saans die hoofbulletin. Haar gesig en stem is in elke huis bekend en gelief. Haar toegewydheid aan haar werk het tot gevolg gehad dat sy nie altyd genoeg tyd aan haar gesin gegee het nie. Beide Adri en Brendon klou sterk aan joernalistieke waardes soos waarheid, onpartydigheid en gelykheid.

3 Dit was juis tydens die nuusuitsending van die eerste episode van hierdie gewilde TV-reeks waar beeldmateriaal gesien kan word hoe Dawid Joubert, Adri se man, in ’n motor doodgeskiet is. Nadat sy agtergekom het dat dit haar man se motor was, het sy uit die ateljee gestorm en na die ongelukstoneel gehaas. Uitstekende nabyskote, lewensgetroue emosionele optredes van die karakters, uitstekende toneelspel en beligting het die spanning al reeds met die eerste uitsending laat laai. Die uitstekende en lewensgetroue toneelspel en ’n storielyn wat op die hedendaagse lewe betrekking het, is van hoë gehalte.

4 Nadat die polisie niks uitgerig kon kry nie, was Adri vasberade om Dawid se moordenaar vas te trek en die oorsaak van sy dood uit te vind. Tydens terugflitse uit

die verlede kan gesien word dat die Joubert-egpaar gelukkig getroud was. Dis dan juis tydens hierdie terugflitse waar die oorhandiging van ’n notaboek aan haar man gesien kan word. Die notaboek wat die antwoorde op al Adri se vrae bevat het. Tydens haar soeke na die waarheid ontbloot sy ’n nasionale skandaal.

**1.1 Watter gevolge het dit vir Adri se gesin ingehou, aangesien sy te veel tyd aan haar werk spandeer het?** (1)

**1.2 Watter emosie dink jy het Adri in paragraaf 3 ervaar?** (1)

**1.3 Op grond waarvan skryf die resensent hierdie TV-reeks hoog aan?** (2)

**1.4 Waarom sou jy sê dat hierdie TV-reeks geloofwaardig en getrou aan die werklikheid is?** (2)

**Totaal: 5** **/6**

**2 Kortverhaal:** Waarom juis nou?

1 Ek en my pa is op pad na my oom se plaas toe om te gaan jag.

2 Dis reeds donker. Slegs die maan en sterre hou ons geselskap. Die pad lê soos ’n slang voor ons. Die een draai na die ander volg. Die bakkie se kopligte waarsku ons teen elke skerp draai.

3 Ons ry ’n klein dorpie binne. Pa stop by ’n vulstasie om brandstof in te gooi. Hy draai sy kop en kyk na my. Ek sien die moegheid in sy bloedbelope oë. Ons is reeds ses uur op die pad en ons is nou maar eers halfpad.

4 “Pa, moet ons nie maar hier oornag nie? Netnou maak ons ’n ongeluk. Ek kan sien dat Pa moeg is. Ons kan môre mos weer vroeg in die pad val,” stel ek voor.

5 “Nee, my seun, ek dink ons moet maar deurdruk. Ons gaan jag môreoggend juis vroeg,” sê Pa.

6 Nadat ons brandstof ingegooi het, vertrek ons weer. Die kopligte van die aankomende motors is net genoeg om nog meer stremming op Pa se oë te sit.

7 Twee uur later draai ons by die grondpad af. Dan gebeur dit waarvoor ek gevrees het. Die bakkie gly en Pa het geen beheer oor die bakkie nie. Die volgende oomblik tref die bakkie ’n boom. ’n Stilte volg. Pa is by die bakkie uitgeslinger. Ek klim uit en kruip na hom toe. Ek kniel langs hom. Alles vloei voor my. Waarom moes dit juis nóú gebeur? Dít terwyl ek en Ma vir Pa nodig het!? “Nee, Pa, kom terug! Ek en Ma het jou nodig. Jy kan ons nie nou alleen laat nie! Wie gaan vir ons sorg? Wie gaan nou langs die rugbyveld staan en my aanmoedig? Wie gaan in die toekoms saam met my jag? Wie gaan nou vir my die dinge van ’n man leer?”

8 Ek staar na my pa se beweginglose liggaam. ’n Tweede slag tref my! ’n Slag harder as die slag teen die boom. Pa is nie meer met ons nie!

9 Ek hoor ’n aankomende voertuig. Dis my oom wat na ons kom soek. Ek hardloop reguit in sy arms. Waarom weet ek nie. Seker maar om veilig te voel. Hy buk oor my pa se beweginglose liggaam. Hy kom stadig orent en neem my by die arm. Hy lei my na sy bakkie. Hy probeer my troos, maar geen woorde sal die seer in my hart kan genees nie. Dis so finaal! Waarom is die lewe tog so wreed?

**2.1 Waarom sou jy sê vergelyk ons die kronkelende pad met ’n slang?** (1)
**2.2 Watter karakter het *onverantwoordelik* opgetree? Brei meer hieroor uit.** (3)
**2.3 Wat was die oorsaak van die ongeluk en watter gevolge het dit ingehou?** (2)
**2.4 Waarom sou jy sê dat die chronologie van die verhaal in paragraaf 7 verbreek word?** (1)
**2.5 Bespreek die stemming in paragraaf 7.** (1)

**Totaal: 8** **/8**

**3 Biografie:** Lida Meiring, die nagtegaal

1 Lida Meiring is in 1990 in Tiervlei gebore. Sy het aan die DF Malan Hoërskool gematrikuleer. Sy het reeds op vroeë ouderdom in sang uitgeblink. Op skool het hulle dan ook vir haar “Die Nagtegaal” genoem. ’n Naam wat haar talent beskryf het. Sy het met die een sangtrofee na die ander weggestap.

2 Na skool is sy na die Universiteit Stellenbosch waar sy haar B.Ed-graad in onderwys verwerf het. In 2014 het sy ’n onderwyspos by Diamantveld in Kimberley aanvaar. Sy het onder andere musiek gegee. Sy het ook die skoolkoor afgerig. Hier kon sy haar liefde vir sang en musiek uitleef.

3 In 2016 het sy besluit om die onderwysberoep vaarwel te roep. Sy het onderskeie platemaatskappye genader. Een van die platemaatskappye in Pretoria het ’n kontrak van drie jaar met haar gesluit. Sy het baie liedjies van die liedjieskrywer, Peet van Tonder, gesing. Haar treffer “Waenhuiskrans” het oornag goue status bereik. Die een treffer na die ander het sy verskyning gemaak.

4 In 2019 het sy vir Karel Schoeman ontmoet. Hulle is dan ook die volgende jaar getroud en het besluit om te begin toer. Hy het as haar bestuurder opgetree. Hulle het die land platgetoer. Die gehore het aan haar lippe gehang. Treffers soos “Mallemeule” en “Waterstrome” het die internasionale mark gehaal. Sy het by verskeie feeste soos die KKNK en Aardklop opgetree. Haar gewildheid het daartoe gelei dat sy haar privaatheid moes prysgee.

5 Na die geboorte van haar eersteling in 2022 het die Schoeman-egpaar besluit om die woelige stadslewe vir die plattelandse lewe te verruil. ’n Lewe waar hulle meer tyd vir mekaar en hul kinders kon maak. Hulle het gevoel dis tyd om die gejaagde lewe vir ’n rustiger lewe te verruil. Hulle het gevolglik Struisbaai toe getrek. Sy tree nou wel nie meer by feeste op nie, maar sy het haar eie platemaatskappy in Kaapstad gestig. Menige opkomende sangers het hul sangloopbaan aan haar te

danke. Sy tree nog steeds vir liefdadigheid in Struisbaai, Bredasdorp, Gordonsbaai en Stellenbosch op.

6 Hierdie talentvolle sangeres het haar besige skedule vir ma-wees verruil. Vir haar is haar kinders en hul opvoeding baie belangriker as om voor 'n gehoor op te tree.

**3.1 Waarom reken jy het hulle haar op skool "Die Nagtegaal" genoem?** (1)
**3.2 Met watter liedjie het Lida Meiring bekendheid verwerf?** (1)
**3.3 Skryf die uitdrukking in paragraaf 4 neer wat daarop dui dat die gehore baie van haar sang gehou het.** (1)
**3.4 Hoe verskil hul eertydse lewe van die lewe op Struisbaai?** (2)
**3.5 Wat verstaan jy onder "Die biografie van Lida Meiring"?** (1)

**Totaal: 6** **/6**

## 4 Gedigte

**4.1 Watter vorm van beeldspraak tref ons in versreëls 6 & 7 in die onderstaande twee strofes van "Koichab se water" aan?**

1
"Seweduisend jaar se opgebergde sagtheid
tap ek uit 'n kraan en was gewoon
wit nylon en droogdrupgoed daarin.
Dan na die kombuis om kospotte rond
te skuif en by aanbrandsel water te gooi.

2
Toe dié water die lig sien, het dit
kortliks gewonder hoekom juis toe."

*Wilma Stockenström* (1)

**4.2 Watter *effek* verkry ons deur van alliterasie en herhaling in die onderstreepte versreël van die onderstaande strofe uit "Rondloper" gebruik te maak?**

"Sy skouers buie bietjie oor
<u>van stap en stap in reën en wind</u>,
sy hande is gebars en swart
maar klein en skraal soos van 'n kind."

*N.P. van Wyk Louw* (1)

**4.3 Dui die rympatroon aan in die onderstaande strofe van "Kinders van die wind".**

"Die woorde is vergete
en tog, die deuntjie draal –
soos vaag onthoude grepies uit
'n baie ou verhaal..."

*Koos du Plessis* (1)

**4.4 Dui die klanknabootsende woord in die onderstaande strofe van "Kabouterliefde" aan.**

"Die hoepelronde blou-blou lug
het kadoemps op die grond geval
hy't dit blink-blou in sy hand gerol
toe speel ons daarmee bal" *Ingrid Jonker* (1)

**4.5 Waarmee word die *voorkoms* van die volmaan in die onderstaande strofe van "Die houtryer in die maan" vergelyk.**

"Die volle-maan elke aand
lyk soos 'n goue pond,
of soos 'n ou man se gesig,
met wange vet en rond." *Helena J.F. Lochner* (1)

**Totaal: 5** **/5**

**GROOT TOTAAL: 25** **/25**

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Taal**

**1 Drama:** Die lewe sonder drukkies

*Gert staar by sy kamervenster uit. Soos soveel ander dae. Net met sy eie gedagtes en verlange. Verlange na die drukkies van sy ouers. Die lewe kon so anders gewees het as sy ouers nie in daardie motorongeluk was nie.*

Chris: Gert, ons moet opskud. Die etensklok vir ontbyt het reeds gelui.

Gert: (*met 'n hartseer stemtoon*) Chris, het jy al gewonder hoe wonderlik dit moet wees as jou ma jou eerder vir ontbyt sou roep as 'n skril klok wat etenstye aankondig?

Chris: *(knik met sy kop)* Beslis! Jy het darem nog die voorreg van sewe jaar gehad om die stem van jou ma en pa te kon hoor en drukkies van hulle te kry. Om te dink my ouers het my as 'n pap babatjie hier afgelaai. Al het die koshuisouers my al herhaaldelik daarop gewys dat hulle dit net om finansiële redes gedoen het en net die beste vir my wou hê, kan ek nie help om hulle kwalik te neem nie. Wie het hulle die reg gegee om my van 'n gelukkige gesinslewe te beroof? Al moes ek gelapte klere dra, kaalvoet loop en drie keer op 'n dag mieliepap eet, sou ek. Solank ek net deel van 'n gesin kon wees. Weet jy hoe smag ek net na een drukkie van my ouers?

*Gert sit die voorgeskrewe boek in sy skooltas. Daarna gaan hulle eetsaal toe. Die kinders wat honger is, eet smaaklik en geniet die mieliepap.*

**1.1 Skryf die onderstreepte sin in reël 1 oor in die verlede tyd.** (1)
**1.2 Gee die meervoud vir die onderstreepte woord in reël 2.** (1)
**1.3 Skryf die gesegde in die onderstreepte sin in reël 4 neer.** (1)
**1.4 Skryf die samestellende afleiding in reël 6 neer.** (1)

**1.5 Skryf die onderwerp in die onderstreepte sin in reëls 9 & 10 neer.** (1)
**1.6 Gee die trappe van vergelyking vir die onderstreepte woord in reël 12.** (1)
**1.7 Skryf die saamgestelde woord in reël 13 neer.** (1)
**1.8 Vorm 'n afgeleide werkwoord van die onderstreepte woord in reël 14.** (1)
**1.9 Skryf die onderstreepte sin in reël 17 oor in die lydende vorm.** (1)

**Totaal: 9** **/9**

## 2 Inligtingsteks: Kommunikasie

1 Daar's verskeie maniere waarop mense met mekaar kan kommunikeer.

2 Indien ons in 'n geselskap is, praat ons ook met gesigsuitdrukkinge en lyftaal. Ons kan ook die seer of blydskap in iemand se oë sien. Ons kan ook oor die selfoon met mekaar praat. Ons kan 'n SMS of 'n WhatsApp vir iemand stuur, en sodoende met mekaar kommunikeer. Dit is natuurlik goedkoper as 'n telefoonoproep. My pa sê altyd vir my: "Jy moet jou sente omdraai."

3 Indien jy iets op sosiale media sou plaas, maak seker dat niemand ooit 'n vinger na jou kan wys nie. Daarom, moet nooit aanvallend wees nie. Dis nie slegs slegte maniere nie, maar dis toeganklik vir almal om te lees. Moet ook nooit onvanpaste taal gebruik nie.

4 Maak nie saak op watter manier ons kommunikeer nie, die mens wil graag in verbinding met mekaar bly. Verhoudinge met mekaar is vir ons almal belangrik. Kommunikasie vind nie slegs bedags plaas nie, maar ook in die aand.

**2.1 Skryf reël 1 oor as 'n vraagsin.** (1)
**2.2 Skryf die onbepaalde voornaamwoord in reël 3 neer.** (1)
**2.3 Skryf die onderstreepte sin in reëls 4 & 5 oor in die ontkennende vorm.**
**2.4 Skryf die onderstreepte sin in reël 6 oor in die indirekte rede.** (1)
**2.5 Wat beteken die onderstreepte uitdrukking in reëls 7 & 8?** (1)
**2.6 Skryf reël 13 oor, maar vervang die onderstreepte bywoordelike sinsnede met 'n bywoordelike bysin.** (1)

**Totaal: 6** **/6**

**GROOT TOTAAL: 15** **/15**

| **Graad 6** | **Vraestel 3** | **Skryf** |
|---|---|---|

**Skryf 'n verhalende opstel van 140–150 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Het ek maar geweet! / Die ontvoering. / Aarde… sluk my in! / Die boelie kry op sy baadjie.

| Rubriek | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, oorspronklik en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Emosies, gebeure en chronologie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Aanloop tot klimaks, klimaks en slot: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, uitdrukkinge, beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf 'n beskrywende opstel van 140–150 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Hande / Seuns / Meisies / Die toeskouers by die rugbywedstryd. / Sonsondergang by die see.

| Rubriek | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud, slotparagraaf en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beskrywing, idiome, beeldspraak en stylfigure: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, skryfstyl en stemming: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**EN**

**Skryf 'n vriendskaplike brief van 100–120 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Vertel jou vriend hoe die koshuisvader jou op heter daad betrap het. /

Vertel jou ouers van ’n onaangename voorval by die skool.

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud, slotparagraaf en chronologie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Aanspreekvorm, taalgebruik en formaat: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf ’n dagboekinskrywing van 100–120 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Die treinrit. / Die bootreis. / ’n Week in die paleis. / ’n Maand in die tronk.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, oorspronklik, gebeure en chronologie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, stemming en formaat: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 10** **/10**

**GROOT TOTAAL: 30** **/30**

**Memorandum** **September 2025**

**Legende:** Die wrede man in die lyf van ’n monster

1 Die ouers het hul kinders gereeld gewaarsku om nie in die woud te gaan speel nie, aangesien daar ’n man gebly het wat kinders seermaak. /
Die ouers het vir hul kinders omgegee, aangesien hulle nie wou hê dat hulle moes seerkry nie.

2 Aangesien hy kinders seergemaak het.

3 Hulle was nuuskierig om te kyk wie daar woon.

4 Daar word by die wrede man dialoog aangetref.

5 Hulle het gevrees dat hy hul kinders kon seermaak. In paragraaf 6 het hy hulle wél seergemaak.

6 Hy het eers die vuur gemaak, (in die verlede) alvorens hy hul hande in die kokende water druk. (teenwoordig) Hy wys hulle ook daarop dat hy nog nie klaar is met hulle nie. Daar sal nog iets met hulle gebeur. (in die toekoms)

7 Dit is by die vuur ✔ en by die boom ✔.

8 Die wrede man het hul hande in die kokende water gedruk✔, hulle teen ’n boom vasgebind✔ en met die dood gedreig✔.

9 Die emosie van vrees.

10 Die wrede man,✔ aangesien hy kinders wat jonger as hy is, seergemaak het✔.

11 Hy kon wel kinders wat swakker as hy is, seermaak, maar was bang vir mans wat sterker as hy is.

12 Dat kinders hul ouers moet gehoorsaam, ✔aangesien hulle weet wat die beste vir hulle is.✔

13 Sy optrede sluit aan by ’n persoon wat wreed is en hom soos ’n monster gedra.

14 Dat ons ons ouers altyd moet gehoorsaam.

15 Ja. Enige realistiese antwoord wat met die <u>inhoud</u> van hierdie luisterteks verband hou.

**1 Resensie:** <u>Die kykNET-dramareeks, Die nuusmakers</u>

1.1 Sy het nie altyd genoeg tyd aan haar gesin gegee nie.

1.2 Die emosie van hartseer / skok / woede vir ons samelewing en die persoon wat haar man geskiet het. / Hulpeloosheid, aangesien sy niks vir haar man kon doen nie. **(enige ander aanvaarbare emosie)**

1.3 Op grond van uitstekende en lewensgetroue toneelspel ✔en 'n storielyn wat op die hedendaagse lewe van betrekking het.✔

1.4 Aangesien mense in Suid-Afrika wél doodgeskiet word ✔ en aangesien die media wél nasionale skandale oopvlek.✔

**2 Kortverhaal:** <u>Waarom juis nóú</u>?

2.1 Soos 'n slang kronkelend voortbeweeg, so was daar ook baie draaie in die pad.

2.2 Die seun se pa ✔het onverantwoordelik opgetree, aangesien hy, ten spyte van die feit dat hy moeg is, geweier het om te oornag en eerder verder gery het.✔ Sodoende het hy hulle albei se lewens in gevaar gestel. ✔

2.3.1 <u>Oorsaak</u>

Die bakkie het op die grondpad gegly. ✔

2.3.2 <u>Gevolge</u>

Die bakkie het van die pad gery en teen 'n boom gebots. / Die seun se pa is dood.✔

2.4 Terwyl hy op die oomblik by sy pa se lewelose liggaam ***sit*** nadat hulle 'n ongeluk ***gemaak het***, wou hy weet wie vir hulle in die toekoms ***gaan sorg*** en wie vir hom in die toekoms die dinge van 'n man ***gaan leer***. Hy wou ook weet wie in die toekoms saam met hom ***sal gaan jag***, soos sy pa altyd saam met hom in die verlede ***gejag het***. Ook wou hy weet wie in die toekoms vir hom ***sou aanmoedig*** langs die rugbyveld, soos sy pa hom altyd in die verlede ***aangemoedig het***.

2.5 Ons tref 'n droewige / hartseer / wanhopige / desperate stemming hier aan.

**3 Biografie:** <u>Lida Meiring, die nagtegaal</u>

3.1 Aangesien sy baie mooi kon sing. / Aangesien sy 'n suiwer stem gehad het.

3.2 Sy het bekendheid verwerf met die liedjie "Waenhuiskrans".

3.3 Die gehore het aan haar lippe gehang.

3.4 Waar hulle aanvanklik 'n gejaagde lewe gehad het, ✔ het hulle nou 'n rustiger lewe gehad. ✔

Waar hulle aanvanklik ’n besige skedule gehad het en gereeld getoer het, ✔het hulle nou ’n rustiger lewe gehad.✔

3.5 Die lewensverhaal van Lida Meiring.

**4 <u>Gedigte</u>**

4.1 <u>Koichab se water</u>
Ons tref personifikasie hier aan.

4.2 <u>Rondloper</u>
Die effek van beweging.

4.3 <u>Kinders van die wind</u>

| | |
|---|---|
| “Die woorde is vergete | a |
| en tog, die deuntjie draal – | b |
| soos vaag onthoude grepies uit | c |
| ’n baie ou verhaal…” | b |

4.4 <u>Kabouterliefde</u>
“Die hoepelronde blou-blou lug
het kadoemps op die grond geval
hy’t dit blink-blou in sy hand gerol
toe speel ons daarmee bal”

4.5 <u>Die houtryer in die maan</u>
Dit word met ’n goue pond / die vet wange van ’n ou man vergelyk.
**(slegs EEN)**

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Taal**

**1 Dama:** Die lewe sonder drukkies

1.1 Gert het by sy kamervenster uitgestaar.

1.2

| Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|
| Lewe | Lewens |

1.3 Die etensklok vir ontbyt het reeds gelui.

1.4 Dit moet wonderlik wees as jou ma jou eerder vir ontbyt roep, as ’n skril klok wat etenstye aankondig.

1.5 Om te dink my ouers het my as ’n pap babatjie hier afgelaai.

1.6

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| Goed | beter | beste |

1.7 Wie het hulle die reg gegee om my van ’n gelukkige gesinslewe te beroof?

1.8 Keer – bekeer / verkeer

1.9 Die voorgeskrewe boek word deur Gert in sy skooltas gesit.

**2 Inligtingsteks:** Kommunikasie

2.1 Is daar verskeie maniere waarop mense met mekaar kan kommunikeer?

2.2 Ons kan ook die seer of blydskap in iemand se oë sien.

2.3 Ons kan nie ’n SMS of ’n WhatsApp vir iemand stuur en sodoende met mekaar kommunikeer nie.

2.4 My pa sê altyd vir my dat ek my sente moet omdraai.

2.5 Maak seker dat niemand vir jou kan sê jy is skuldig aan iets nie.

2.6 Kommunikasie vind nie slegs bedags plaas nie, maar ook as dit aand is.

**<u>Naslaanbronne</u>** **<u>September 2025</u>**

**Verslag oor 'n onderhoud:** <u>Die Welgemoed Kunstefees</u>
*Welgemoed Kunstefees 2024: 'n onderhoud met Marieta Nel*
*Naomi Meyer, Marieta Nel*
*Leefstyl*
*2024-08-01*
*https://www.litnet.co.za*

**Legende:** <u>Die man in die lyf van 'n monster</u>
*Eugene van der Westhuizen*

**TV-resensie:** <u>Die kykNET-dramareeks, Die nuusmakers</u>
*Die nuusmakers: Nuwe kykNET-dramareeks het tonge los*
*Maryke Roberts, Rolanda Marais*
*kykNET Portaal*
*2025-06-24*
*https://www.litnet.co.za*

**Kortverhaal:** <u>Waarom juis nou</u>
*Eugene van der Westhuizen*

**Biografie:** <u>Lida Meiring, die nagtegaal</u>
*Eugene van der Westhuizen*

**<u>Gedigte</u>**

***Koichab se water***
*Vers en vlam*
*J. Ferreira, E. du Toit, H. Geldenhuys, M. le Cordeur, A. van der Spuy*
*Wilma Stockenström*
*Human en Rousseau, 2015*

***Rondloper***
*Alleenspraak*
*N.P. van Wyk Louw*
*N.P. van Wyk Louw*
*Tafelberg-Uitgewers Bpk.1935*

***Kinders van die wind***
*Vers en vlam*
*Koos du Plessis*
*Human en Rousseau, 2015*

*J. Ferreira, E. du Toit, H. Geldenhuys, M. le Cordeur, A. van der Spuy*

***Kabouterliefde*** — *Ingrid Jonker*
*Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees* — *Best Books 2009*
*F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen*

***Die houtryer in die maan*** — *Helena J.F. Lochner*
*Klein Verseboek* — *Tafelberg-Uitgewers Bpk.1959*
Saamgestel deur*: D.J. Opperman*

**Drama:** Die lewe sonder drukkies
*Eugene van der Westhuizen*

**Inligtingsteks:** Kommunikasie
*Eugene van der Westhuizen*